

Die Verkleinwoord in Afrikaans

DEUR

DR. W. KEMPEN

*Lektor in Nederlands en Afrikaans aan
die Universiteit van Stellenbosch*



NATIONALE PERS, BEPERK.,
Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth,
1940.

4715009

KEM

Die Verkleinwoord in Afrikaans

DEUR

DR. W. KEMPEN

*Lektor in Nederlands en Afrikaans aan
die Universiteit van Stellenbosch*



NASIONALE PERS, BEPERK,
Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth,
1940.

INHOUDSOPGAWE

	<i>Bls.</i>
Inleiding	1
I. Hoe Diminutiva in Afrikaans Gevorm Word	3
A: Uitgange	4
B: Woordsoorte	6
C: Verkleiningsmoontlikhede en Beperkinge	11
II. Die Veelvuldige Gebruik van Diminutiva ..	23
Lyste en Tabelle	26
Gebruiksomstandighede	32
(i) Betekenisaspekte	32
(ii) Sintaksis en Taaleie	55
(iii) Vormvastheid en -Slytasie	58
III. Vergelyking met Nederlands	63
IV. Nadere Bespreking van Verskille	98
(i) t.o.v. Nederlands	98
(ii) t.o.v. Die Germaanse Tale	108
(iii) t.o.v. Latyn	121
Gevolgtrekking	128
Bibliografie	130
Lys van Geëkserpeerde Bundels	131

DIE DIMINUTIEF IN AFRIKAANS

Die veelvuldige gebruik van die diminutief is reeds deur verskeie skrywers genoem as een van die besondere kenmerke van Afrikaans. So skrywe Dr. Hoge: „'n Opvallende eienaardigheid van die Afrikaanse taal is die sterk voorliefde vir verkleinwoorde.”¹⁾ En in die Engelse opsomming van dieselfde werk sê hy: „Afrikaans shows a stronger tendency to use diminutives than any other Teutonic language.”²⁾

Dr. G. S. Nienaber onderskryf die mening waar hy sê dat Afrikaans hierin „verder gegaan het as enige ander Germaanse taal”,³⁾ hoewel hy later in 'n voetnoot daarop wys dat dié stelling eintlik pas getoets kan word, wat Afrikaans teenoor Nederlands betref, as dieselfde teks in die standaardvorm van die twee tale naasmekaar gestel word.⁴⁾ Hy besef dus die noodsaaklikheid daarvan om die gebruik van diminutiva met een of ander maatstaf vergelykenderwys te meet. Ek meen egter dat sy suggestie om bybeltekste te vergelyk, nie sal deug nie. Daarvoor sou ons weliswaar 'n Nederlandse en 'n Afrikaanse vertaling kon neem wat van dieselfde mss. verwerk is, maar selfs dan sou ons te doen kry met allerlei verskille soos meerdere of mindere vryheid in die vertaling, met die kwessie van eksegeese van die oorspronklike tekste en die hedendaagse weergawe van bedoelinge van baie eeue gelede e.d.m. Maar hieroor later meer.

¹⁾ Dr. J. Hoge: *Ondersoekings oor die gebruik van die Verkleinwoord in Afrikaans*, in *Annale v/d Univ. van Stellenbosch*, 1932; voorwoord.

²⁾ Hoge: t.a.p. bls. 31.

³⁾ Dr. G. S. Nienaber: *Oor die Afrikaanse Taal*, Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1934; bls. 70.

⁴⁾ Nienaber: t.a.p. bls. 73, voetnoot.

Dr. Hesseling is ook getref deur die veelvuldige gebruik van diminutiva in Afrikaans,⁵⁾ maar hy het nie spesiaal daarop ingegaan nie, en sy teenstander, Dr. D. B. Bosman, ook nie. Om meerdere uitsprake oor die onderwerp volstaan ek hier met te verwys na onder andere Langenhoven-Pienaar: *Hoe om te Skrywe* (bls. 33), Verdam-Stoett (bls. 99), Schönfeld se *Historiese Grammatika van het Nederlands* (bls. 176), en Vorrink (II) wat onder meer sê: „Uit het Hottentotsch heeft het Afrikaansch vooral den hang naar verkleinwoorden overgenomen als: ertjes, boontjes ens.” (bls. 67).

Uit wat reeds oor hierdie onderwerp geskrywe is, blyk veral twee punte duidelik: (a) die *opvatting* dat Afrikaans meer gebruik maak van diminutiva dan enige ander Germaanse taal, Nederlands inbegrepe,⁶⁾ en dat derhalwe (b) die uitbreiding van hierdie gebruik in Afrikaans om 'n besondere verklaring vra. (a) Is in hoofsaak gebaseer op algemene indrukke, terwyl van (b) nog nie veel werk gemaak is nie. Die meeste wat oor die hele verskynsel in Afrikaans geskrywe is, is tot op datum die reeds genoemde annale-bydrae van Dr. Hoge en sewentien bladsye van Dr. Nienaber se proefskrif.⁷⁾

Omdat ek meen dat geen voortgang met die ondersoek van dié besondere aspek van Afrikaans gemaak kan word alvorens die diminutief soos dit in Afrikaans verskyn, volledig beskrywe is nie, wil ek dit hier probeer. So kan ons duidelik te sien kry of Afrikaans en Nederlands in dié opsig inderdaad verskil — en indien wel, hoe —, en dit sal dan ook aandui of hier iets besonders is wat om 'n besondere verklaring vra en of dit as normaal te beskou is.

⁵⁾ Prof. Dr. D. C. Hesseling: *Het Afrikaans*, 1899, bls. 134.

⁶⁾ Kyk ook: Dr. J. J. le Roux: *Praatjies oor ons Taal*, bls. 105.

⁷⁾ Nienaber: t.a.p. Hoofstuk I, blss. 67-83.